LEEF JOU REIS
met GERRIE PRETORIUS

2023 | WIT KERSFEES

ALPE, SENTRAAL & OOS-EUROPA

TOER DATUMS: 04 DESEMBER – 15 DESEMBER 2023

2023 | WIT KERSFEES

04 DESEMBER – 15 DESEMBER 2023

€2870* PER PERSOON WAT DEEL/TWIN | €705* ENKEL EKSTRA KOSTE
SLEGS LANDREËLINGS

INLEIDING

Drie dae in elke stad gee jou die kans om die indrukwekkende katedrale, keiserlike paleise en storieboek kastele van sommige van Europa se mees dramatiese hoofstede te besoek. Daarmee saam wag die geure en kleure van die mooiste kersmarkte op jou! En as ons gelukkig is... sneeu. Kom saam op 'n ongelooflike toer met vyfster verblyf en vervoer gevul met unieke plaaslike ervarings. As jy al ooit gedroom het van n ware wit kerfees ervaring is die toer spesiaal vir jou. Geen wonder dit is een van ons oudste en gewildste toere nie.

LEEF JOU REIS ERVARINGS

BUDAPEST: Besoek 'n tradisionele strudel bakery om die ware strudel te proe en om miskien self die kuns aan te leer van hoe hierdie Hongaarse lekkerny gemaak word. Verwag warm uit die oond strudel saam met vars koffie! Wene: Klassieke era konsert waar Mozart sou optree terwyl jy luister na die bekende Strauss Walse. Praag: Die weggesteekte juwele van Praag soos die stad se oudste ondergrondse Restaurant met lewendige musiek en tradisionele geregte. En natuurlik ook die mooiste kersmarkte.

HOOGTEPUNTE UIT DIE BOONSTE RAKKE

- Die Matthias kerk in Budapest
- St Vitus katedraal in Praag
- Schönbrunn Paleis in Wene (privaat besoek)
- Kersmarkte en die geur van speserye in die lug

GEMAKLIKE PAS BUDAPEST, WENE & PRAAG

2023 | WIT KERSFEES

04 DESEMBER – 15 DESEMBER 2023

- Paleis met klassieke era-konsert en aandete in Wene
- Oudste restaurant in Praag met tradisionele musiek
- Die bekende blou Donau

Stadstoere van Budapest, Wene en Praag saam met plaaslike deskundiges & Leef Jou Reis.

Sien die Heldeplein, Váci Utca, die Hongaarse parlementsgebou en die Visserman Bastion in Budapest. *kerke en kleurvolle huise in Szentendre *Gyor *Hofburg koninklike paleis en operahuis in Wene *Cesky Krumlov kasteel *Praag kasteel, die ou stadsplein en astronomiese kloktoring in Praag.

Geniet die natuurskoon terwyl jy deur die Weense woude en Bohemië reis in ons luukse bus met ekstra beenruimte en gratis wifi.

OUTENTIEKE ETES

- Verwelkomings dinee by Gundel in Budapest
- Langtafel ete saam met Budapest inwoners
- Alternatiewe eetopsies in Wene
- Feesvier ete in plaaslike Praag restaurant
- Oudste restaurant in Praag met tradisionele musiek in middeleeuse omgewing

REISPLAN IN 'N OOGOPSLAG

10 DAE | 3 LANDE | 3 NAGTE IN BUDAPEST | 3 NAGTE IN PRAAG | 3 NAGTE IN WENE

DAG 1: WELKOM IN BUDAPEST

Met jou aankoms by Budapest se Ferenc Liszt internasionale lughawe word jy gratis na jou hotel vervoer. Om 17h30 ontmoet ons mekaar by die hotel se kroeg vir 'n komplimentêre drankie waar ons mekaar ontmoet en vinnig leer ken. Daarna sluit ons by die res van die groep aan vir aandete.

2023 | WIT KERSFEES

04 DESEMBER – 15 DESEMBER 2023

Jou verwelkomings ete vind plaas by Gundel, een van Budapest se mees welbekende restaurante van die afgelope 100 jaar. Geniet die deftige ete van Hongaarse smulgeregte saam met uitgesoekte Hongaarse wyn en dalk selfs n lewendige strykorkes.
(Aandete met wyn)

DAG 2: ONTSPANNE VERTREK BUDAPEST, KONINGIN VAN DIE DONAU.

Reis al langs die mooi boulevards na die Heldeplein. Ons stap saam met 'n plaaslike kenner oor die rivier met die beroemde kettingbrug in Buda en volg die middeleeuse keisteenstraatjies in die kasteeldistrik tot by die Matthias Kerk waarna ons 'n orreluitvoering geniet. Bewonder dan die verruklike uitsig vanaf die Visserman Bastion oor die swierige parlementsgebou.

Aanskou hoe 'n bakker by 'n strudel bakery werk terwyl hy 'n watertand strudel voorberei deur die deeg te rek en vulsel daarop te stapel. Geniet dan 'n smaaklike happie van hierdie beroemde lekkerny saam met 'n geurige koppie koffie. **(Ontbyt, Strudelhappie)**

DAG 3: ONTSPANNE VERTREK, 'N LOSLIT DAG IN BUDAPEST EN BOOTRIT OP DIE DONAU

Vandag kan jy rustig en salig die wêreld op jou eie verken. Miskien wil jy die kersmarkte besoek of dalk een van die warmbronne en baddens met hul helende waters gaan verken! Die Joodse buurt met die 'Ruins bars' en 'n slukkie Palinka oftewel fluitbrandewyn mag dalk ook op die spyskaart wees.

2023 | WIT KERSFEES

04 DESEMBER – 15 DESEMBER 2023

Budapest is prentjiemooi en jy kan doodluiters langs die Donau afstap en jou verkyk aan die mooi historiese ou geboue.

Later geniet ons ‘n rustige bootrit op die pragtige Donau rivier met aandete aan boord. Dit is ongetwyfeld een van die hoogtepunte van jou toer. Alhoewel dit opsioneel is beveel ons dit altyd aan en is dit n heerlike ervaring om die liggies van Buda en Pest vanaf die Donau rivier te sien verby beweeg. Hulle sê hoeka as Buda gaan slaap word Pest wakker… (Ontbyt)

DAG 4: REIS LANGS DIE WALLE VAN DIE DONAU TOT BY SZENTENDRE EN DAN VERDER TOT BY DIE STATIGE WENE.

Geniet die rit al langs die Donau tot by die dorpie Szentendre om sy kleurvolle huisies en raar kerkies te besigtig.

Vertrek ook later na Györ wat geleë is by die sameloop van die Donau, Raba en Rábca riviere. Steek die grens oor en toer verder tot by die statige Wene, die tuiste van klassieke musiek, wat bekend is vir sy elegante koffiewinkels en kwistige argitektuur vol geskiedenis.

Saam met jou gasheer word jy genooi om ‘n huisete te beleef. Sit aan saam met ‘n Hongaarse gesin en ontdek meer van die leefwyse van hierdie sjarmante stad. **(Ontbyt en aandete)**

DAG 5: WENE EN DIE HABSBURGS

Sluit aan by ons plaaslike gids vir ‘n privaat besoek aan Maria Theresa se Schönbrunn Paleis met sy formele tuine. Die kamers wat met goud beklee is, sal jou asem wegslaan! Die paleis spog ook met die wêreld se oudste dieretuin. Ons besoek is privaat en sonder al die massas mense wat daagliks hier besoek aflê.

Hou jou kamera gereed vir ‘n asembenewende rit op die beroemde Ringweg. Die operahuis, Hoffburg Keiserlike Woning, die Oostenrykse parlementsgebou en die Karlskirche is almal langs die antieke stadsmure gebou. Wene se kersmarkte is ook besonders en jy moet beslis ‘n gluhwein gaan drink. Die bekende Landtman koffiehuis is oorkant die mark en hulle Sacher tert is ‘n wenner. Wene is ‘n magiese stad met vele juwele.

Ons sluit die dag af met ‘n hoogtepunt! Ons kuier in ‘n paleis waar Mozart sy eerste konsert gehou het, en geniet ‘n klassieke era konsert met aandete en luister na bekende Weense walse. **(Ontbyt en aandete)**

DAG 6: ONTSPANNE VERTREK, WENE IN JOU VRYE TYD

Ontdek die koninklike prag van Wene teen jou eie pas. Jy mag dalk verkies om ‘n ander hoofstad by jou reisplan te voeg en die Slovaakse grens oorsteek om Bratislava te besoek. Jy kan ook jou toerdirekteur vra om ander plaaslike besienswaardighede en restaurante aan te beveel en geniet ‘n knus wintersaand gevul met die geure en kleure van kersfees op eg Europese wyse.

DAG 7: NIMLIKE ĊESKY KRUMLOV EN GLANSRYKE PRAAG

Nadat ons die Tsjeggiese grens oorgesteek het, toer ons verder tot by die skilderagtige Ċesky Krumlov waar ons afskop met ‘n vinnige oriënteringstoer. Stap rustig deur die verkeervrye klipstraatjies, verby kleurvolle huisies tot by die mees indrukwekkendste kasteel in die land. Die mark is gevul met tradisionele geregte en aandenkings.

Geniet weer ‘n bietjie vrye tyd om te gaan verken. In die namiddag toer ons deur die groen boheemse landskap onderweg na Praag.

Vanaand bederf Gerrie jou met ‘n spesiale aandete by een van sy gunsteling restaurante. **(Ontbyt, aandete)**

DAG 8: PRAAG, STAD VAN ‘N HONDERD TORINGSPITSE

Stap saam met jou plaaslike toergids deur een van Europa se mees beeldskone en historiese stede. Begin by die 1000 jaaroue Praag Kasteel waar jy die loodglasvensters van St Vitus katedraal kan bewonder asook die asemrowende uitsig oor die Ou Stad. Gerrie is byderhand om vir jou ‘n paar dinge uit te wys. Die Charles brug is ook op die program en daar lê interessante stories.

2023 | WIT KERSFEES

04 DESEMBER – 15 DESEMBER 2023

Die toer eindig by die Ou Stadsplein waar die meganiese manewales van die Astronomiese Klok se klokkespel die toeskouers uurliks vermaak. Vir die res van die dag is die stad joune om self te verken. Die Tsjegs is baie lief vir hulle bier en jy kan gerus die plaaslike produk sowel as die Tsjeggiese geregte probeer. Daar's selfs 'n plek waar jy kan bad in bier. **(Ontbyt)**

DAG 9: ONTSPANNE VERTREK, ROND KUIER IN PRAAG

Dwaal rustig deur die keisteenstraatjies en ontdek self 'n rykdom van verskuilde juweeltjies terwyl jy Praag teen jou eie pas beleef. Die kersmark op die ou stadsplein is een van die mooistes van Europa! Dalk wil jy die grens oorsteek en 'n draai maak in Dresden in Duitsland?

Vanaand kan jy jou verlustig in 'n feesmaal van plaaslike lekkernye. Ons kuier in Praag se oudste restaurant terwyl ons ook hul plaaslike musikante geniet! Voorwaar 'n hoogtepunt. Dobrou chut! **(Ontbyt, aandete)**

DAG 10: VERTREK VANAF PRAAG

Na ontbyt kom hierdie wonderlike toer tot 'n einde. Die vertrek reëlings sal vroegtydige deurgegee word.

INGESLUIT

- Luukse bus met lugreëling
- 9 nagte verblyf
- Bootreis op die pragtige Donau
- Hotel en restaurant fooitjie is ingesluit
- Alle belasting en portiere se fooitjies
- Klassieke konsert saam met aandete in kasteel
- Daaglikse ontbyt
- 4 Aandetes (2 met wyn/bier)
- Gerrie Pretorius & Leef jou reis as jou wonderlike toerleier en gasheer

UITGESLUIT

- Vlugkaartjie en lughawe belasting (ons doen 'n groepbespreking wat jy kan gebruik vir jou gemak en ons sal alles namens jou hanteer), maar pryse kan eers in Februarie 2023 bevestig word. Ons bereken dit tans rondom R14 000* maar dis onderhewig aan veranderinge.
- Aandetes (tensy gespesifiseer) en alle drankies
- Middagetes (tensy gespesifiseer) en alle drankies
- Persoonlike uitgawes
- Opsionele ekskursies
- Visum (ons help jou met die proses)
- Reisversekering (kontak ons hieroor en ons help graag)
- Vlugte in SA indien benodig

2023 | WIT KERSFEES

04 DESEMBER – 15 DESEMBER 2023

OPMERKINGS:

- Die tarief is uitgewerk per persoon wat deel.
- Jy benodig ‘n visum wat nie ingesluit is by die prys nie. Wees egter verseker ons help jou met alles en voorsien alle nodige dokumentasie.
- Dra ook kennis dat ons hierdie spesiale toer beding het en moontlik gemaak het in samewerking met ons Leef jou Reis kollegas by Insight Vacations om vir jou die beste waarde te bied. Gerrie sal deurentyd by julle wees as gasheer, maar daar sal ook genoeg tyd wees vir jou om jou eie ding te doen en die omgewing te verken. Daar sal ook ‘n kollega heeltyd aan diens wees om te help met alle vrae en inligting sou Gerrie dalk nie beskikbaar wees nie.
- Dra ook kennis dat alhoewel Suid-Afrikaners die meeste plek op die 40 sitplek bus opneem, ons die bus dalk kan deel met gaste vanaf ander lande ook. Dit het egter nog nooit in die verlede gebeur nie en ons maak die bus op ons eie vol.
- Daar word opsionele ekstras aangebied, maar ons sal as groep saam besluit waarvoor ons lus het – dit staan elke persoon vry om te kom en gaan soos hy wil.
- Gerrie het ‘n gunsteling restaurant in Praag wat altyd baie lekker is, en die bootvaart met aandete op die Donau rivier is ook altyd iets besonders.
- NB: Jy is in goeie hande en kan bloot terugsit en die reis geniet maar ook jou eie pas bepaal. Gerrie stap graag, maar daar is deurentyd alternatiewe opsies beskikbaar en hy bespreek gereeld ‘n paar taxis sou ‘n groep wegbreek om hul eie ding te doen – veral om die Palinka (fluit-brandewyn) te gaan proe...
- Kom met ‘n oop gemoed, kom maak nuwe vriende, pak warm en kom Leef Jou Reis! (Ons stig so ‘n week voor vertrek ‘n whatsapp groep om inligting deur te gee. Dis jou kommunikasie met Gerrie. Maak asb seker dat jy op jou besprekingsvorm alle selnommers verskaf wat op die groepie moet wees. Na en gedurende die toer deel ons foto’s en videos hier).
- Dra asb ook kennis dat indien nodig ons van die dae se program inhoud mag omruil om vir jou die beste tyd van jou lewe te waarborg.
- Die program sluit in bed en ontbyt en verskeie aandetes en uitstappies soos aangedui, sowel as ‘n klassieke konsert en verskeie spesialis gidse. Kyk hoe ‘n sjef strudel maak en geniet hierdie tradisionele soethappie in Budapest.

2023 | WIT KERSFEES

04 DESEMBER – 15 DESEMBER 2023

- Die toerprys sluit in vervoer na en van die lughawe. Die bus is ruim en ons het selfs sitplekke uitgehaal vir ekstra beenruimte. Daar is ook gratis wi-fi beskikbaar op die bus. Jy gaan luuks en lekker ry.

DINGE OM TE ONTHOU:

- Om jou **plek te verseker op hierdie baie besonderse toer benodig ons 'n *nie-terugbetaalbare deposito van R12 000***. Dra asb kennis dat ons verplig is om die deposito en administrasie fooi aan ons operateurs oor te betaal so vergewis jou asb van die terme en voorwaardes soos vervat op die webwerf.
- Die **volgende betaling van R15 000 word benodig teen 1 April 2023 en die totale uitstaande teen 15 September 2023.**
- Die reisplan kan verander onderhewig aan beskikbaarheid en veiligheidskwessies.
- Jy benodig 'n **paspoort wat geldig is vir 6 maande na terugkoms (dus 16 Junie 2024) met twee skoon bladsye beskikbaar.**
- Die toerprys is bereken op n wisselkoers van 1Euro:R17 – sou die rand versterk teenoor die Euro verlaag die prys en sou die rand verswak moet die prys dienooreenkomstig aangepas word.
- Pryse is gebaseer op EFT betalings.

WAT OM TE DOEN?

Stappe om te volg om jou plek op die Wit Kersfees-toer te waarborg:

STAP 1:

Laat weet ons jy wil graag by ons aansluit op hierdie opwindende toer en stuur vir ons jou eposadres en selnommer. Ons stuur dan vir jou die besprekingsvorm wat jy moet voltooi en terugstuur saam met 'n kopie van jou paspoort en bewys van betaling van jou deposito na ons epos, bookings@gerriepretorius.co.za

- **Bankbesonderhede: GJ Pretorius, ABSA, Takkode 632005, Rekeningnommer: 2078183449**
- **Verwysing op deposito: WIT23 + NAAM & VAN.** Maak asb seker jy gebruik die regte verwysingsnommer en dat jy dit aan bookings@gerriepretorius.co.za stuur.

STAP 2:

Ons stuur vir jou bevestiging en wenke vir die reis, bestemmings en dinge om te beplan.

STAP 3:

Raak opgewonde en sien uit na die mees ongelooflike vakansie in jou lewe!

VIR MEER INLIGTING KONTAK ONS GERUS OP:

Selfoon: +27 82 923 3626

Epos: bookings@gerriepretorius.co.za

Webwerf: www.gerriepretorius.co.za | www.goingplacesnow.com

BLY OP HOOGTE EN VOLG ONS OOK OP SOSIALE MEDIA:

Leef jou Reis Vriende @GerrieOfficial @Gerriepret

Leef jou Reis met Gerrie Pretorius